Transoranje Instituut

VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

Posbus 13383 Hatfield 0028
T: 012-362 0660
E: toibo@imaginet.co.za

Nuusbrief Junie 2019

Hoe lyk die liefde?

Dit het ***sagte hande*** om ander te versorg.

Dit *het* ***vinnige voete*** om ander te gaan help.

Dit het ***skerp oë*** om ander se nood raak te sien.

Dit het ***goeie ore*** om die geringste klag of sug van ’n naaste op te vang.

Dít is hoe die liefde lyk.

Augustinus van Hippo

Oudleerder van Prinshofskool behaal ’n LLB-graad

Anél Coetzee (27) het ’n LLB-graad aan die Universiteit van die Vrystaat behaal.

Sy moes keer op keer hoor dat sy waarskynlik eendag by ’n inbelsentrum sal moet werk of by haar ouers sal moet woon omdat sy blind is.

Sy het ophou tel hoeveel keer sy klas toe moes stap of nie betyds ’n handboek gehad het om mee te studeer nie, maar verlede week is sy in die hooggeregshof in Pretoria toegelaat as prokureur.

Sy is intussen by Smit Sewgoolam aangestel as kandidaatprokureur.

Sy sê: Ek was in Prinshofskool. Die onderwysers daar was fantasties. Ons het dieselfde program as alle ander skole gevolg en dieselfde matriek geskryf. Alles was net in braille. Na 13 jaar was ek gereed vir die “grootmenswêreld”.

Onthou!
6 September

Oorweeg asseblief:

- ’n Spesiale deurkollekte op 8 September ten bate van TOIBO.
- Bestel asseblief plakkers. Vir elke plakker wat verkoop word, kry TOIBO R4.

Ons fokus hierdie maand op

Projek Volmagie

Elkeen van die vyf TOIBO-skole bestuur ’n voedingskema om te verseker dat die minderbevoorregte kind elke dag iets kry om te eet.

Hoe kan u help?

Skenk asseblief nie-bederfbare voedsel en maak honger magies *volmagies*.

KLEIN HANNES FANUS TRUSTFONDS

Hierdie Fonds word geadministreer deur TOIBO. Die vyf TOIBO-skole is die begunstigdes. Jaarliks ontvang een of meer van die skole ’n persentasie van die netto inkomste.

Vanjaar is ’n bedrag van R545 946 toegeken vir kapitaalprojekte by vier van die skole.